

'n Oorsig van die aard, ontwikkeling en invloed van statutêre moratoria in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu

J.J. Henning

J.J. Henning: Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Oor 'n tydperk van meer as 3 000 jaar is veral in krisistye van buitengewone regsfigure of billikheidsremedies gebruik gemaak om deur respyt onderstand te verleen aan persone wat as gevolg van omstandighede buite hul beheer nie in staat is om hul verpligtinge reëlmatig na te kom nie. Hierdie regsfigure word generies na verwys as moratoria, respytmaatreëls of siviele onderstand.

Die belang van die statutêre moratoria tydens die Eerste Wêreldoorlog is basies tweeledig van aard.

Eerstens is die heel eerste Suid-Afrikaanse algemene moratorium op kontraktuele verpligting, naamlik vooroorlogse skulde, in wetgewing vergestalt wat sterk herinner aan gemeenregtelike *beneficia* soos *rescripta inductionis*, *rescripta moratoria* (oftewel *brievens van respyt en atterminatie*) en *surcheance van betaalinge*.

Tweedens het die moratorium wat deur wetgewing verleen is aan soldate en ander lede van die Unie-verdedigingsmag op aktiewe diens, nie die Engelse voorbeeld gevolg nie, maar was dit geskoei op die reëling voorsien in die Wet voor den Krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek van 1898 gedurende die Anglo-Boere-oorlog. Laasgenoemde weerspieël weer die bepalinge van die Placcaet Raeckende alle Leger-Personen uitgereik deur die Prins van Oranje op 7 Mei 1630 en soortgelyke vroeër reëlings in die Romeins-Hollandse reg.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die betrokke bepalinge van die Openbare Welzijn en Moratorium Wetten 1914–1919 weer aangewend om onderstand te verleen aan soldate op aktiewe diens. Sodoende is aan die howe die geleentheid gegee om voort te bou op die vorige regspraak by die uitleg van hierdie bepalinge. Dit het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n redelik gesofistikeerde regsposisie tot gevolg gehad wat op plaaslike omstandighede afgestem was. Hierdie statutêre bepalinge het die basis gevorm vir alle latere Suid-Afrikaanse moratoriumwetgewing van dié aard.

Die ontleding van die ontwikkeling van hierdie statutêre reëling vorm die hooftema van hierdie bydrae. Onder andere word die baie belangrike verband tussen die opskorting van siviele regsremedies en die uitstel van kontraktuele verpligtinge beklemtoon, en Hollandse jurisprudence wat geneig was om hierdie oorsaaklikheid te ignoreer, word gekritiseer.

Trefwoorde: statutêre moratoria, Eerste Wêreldoorlog, Tweede Wêreldoorlog

Abstract

An overview of the nature, development and influence of statutory moratoria in South Africa during the first half of the 20th century

For centuries Western and other legal systems have made use of equitable devices postponing obligations and suspending legal remedies, especially for the benefit of persons unable to meet their obligations in time owing to exceptional circumstances not of their own doing. These devices are usually generically referred to as moratoria, stay laws or civil relief.

The moratoria introduced during the First World War by the Public Welfare and Moratorium Act of 1914 may be seen as unique, primarily for two reasons.

First, it provided for the first South African general moratorium on contractual obligations, in this instance pre-war debts. It authorised the courts to grant a moratorium in their discretion on a pre-war debt to persons who, although solvent, were not able to comply in time with their obligations as a consequence of the war conditions. The onus was on the debtor to prove that the obligation had been contracted before 4 August 1914 and that he was not able to comply with his obligations as a direct or indirect result of the circumstance consequent upon the war. This *beneficium* or statutory largesse for dilatory debtors had a strong similarity to the *beneficia* for impecunious debtors in Roman-Dutch law, such as *rescripta inductionis*, *rescripta moratoria* (or *brieven van respijt en atterminatie*) and *surcheance van betaalinge*. Although the courts relied on various principles and concepts underlying these *beneficia* in the interpretation of the statutory moratoria, this particular provision was not re-enacted during the Second World War or later, either during a proclaimed state of emergency or during an armed conflict in which South Africa became engaged.

Secondly, the moratorium that was legislated in 1914 for soldiers and other members of the Union defence force on active service, although not unusual, did not follow the English example, but was based on the arrangement provided by the *Wet voor den Krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek* of 1898 during the Anglo-Boer War. The latter in turn reflects the provisions of the Placcaet Raeckende alle Leger-Personen issued by the Prince of Orange on 7 May 1630 and similar earlier arrangements in Roman-Dutch and Roman law.

Although the soldiers' moratorium was first introduced as an absolute arrangement without any restrictions, this soon proved to be impracticable. Successive amendment acts introduced and refined numerous exceptions, relating, for example, to rent, board and lodging, food and other necessities of life, interest, prescription, desertion, surety and partnership. The basic moratorium and some of these exceptions were canvassed in detail by the courts.

During the Second World War the relevant provisions of the Public Welfare and Moratorium Acts 1914–1919 were re-enacted to provide civil relief to soldiers and other members of the Union defence force on voluntary active service. This provided an excellent opportunity to South African courts to further refine and develop the interpretation of the various statutory provisions, building on judgements handed down during the First World War. In some cases the interaction between jurisprudence and amending legislation resulted in the expeditious introduction of solutions to problematic legal positions. Here especially the position of partnerships with only some partners entitled to relief comes to mind.

At the end of the Second World War the result of this interaction was a developed and fairly sophisticated legal position based on legislation attuned to South African conditions.

The statutory arrangement developed during the two world wars was adopted as the basis for successive South African stay and moratory laws, in preference to the more modern and far more comprehensive and detailed examples provide for the Soldiers and Sailors Civil Relief Act of the United States, for example.

An analysis of the development of this statutory arrangement forms the main theme of this contribution. Inter alia, the very important connection between the suspension of civil legal remedies and the postponement of contractual obligations is stressed and Dutch jurisprudence that tended to ignore this causality is criticised.

Keywords: statutory moratoria, First World War, Second World War

1. Inleiding

Oor 'n tydperk van meer as drie millennia is veral in krisistye van buitengewone regsfigure of billikheidsremedies gebruik gemaak om deur uitstel onderstand te verleen aan persone wat as gevolg van omstandighede buite hul beheer nie in staat was om hul verpligtinge reëlmatig na te kom nie.¹ Hierdie regsfigure staan generies tans bekend as moratoria, hoewel almal streng regstegnies gesproke nie noodwendig as sodanig te tipeer is nie.²

Die beweegredes onderliggend aan die invoering van 'n moratorium is in beginsel dus tweeledig van aard. Eerstens billikheid, naamlik om aan persone uitstel te verleen wat deur omstandighede buite hul beheer verhoed word om hul verpligtinge betyds na te kom. Sodoende word hierdie persone beskerm teen siviele eise gemik op die reëlmatige nakoming van hul verpligtinge, uitwinning en verpligte sekwestrasie. Tweedens is dit gefundeer op doelmatigheid, naamlik om gedurende tydperke wat as buitengewoon maar tydelik van aard beskou word, kredietstrukture in stand te hou en die ekonomie teen ineenstorting te vrywaar.³

Hierbenewens noop openbare belang, billikheid en militêre doelmatigheidsoorwegings die verlening van 'n moratorium aan soldate op aktiewe diens ten einde die handhawing van 'n hoë moreel en 'n effektiewe peil van paraatheid te bevorder.⁴ Dit kan verreikende implikasies hê indien geen maatreëls bestaan wat trag om 'n soldaat op aktiewe diens op die een of ander wyse tegemoet te kom indien hy vanweë sodanige diens verhoed word om sy burgerlike verpligtinge reëlmatig na te kom of nie daartoe in staat is nie. So kan hy blootgestel word aan duur en moontlik langdurige litigasie wat daarop gemik is om die spesifieke, tydige en reëlmatige nakoming van sy verpligtinge of skadevergoeding as surrogaat vir prestasie af te dwing. Op dié wyse kan hy ernstig benadeel word, moontlik verplig word om van sy bates prys te gee, en self finansiëel geruïneer word. Hofbevele vir die betaling van sy kontraktuele en ander skulde kan die uitwinning en/of sekwestrasie van sy boedel tot gevolg hê. Dit is nie alleen onbillik dat 'n persoon vanweë die verrigting van 'n burgerplig, naamlik statutêr voorgeskrewe aktiewe militêre diens, so benadeel word nie, maar dit is uiteraard ook nie bevorderlik vir die handhawing van 'n hoë moreel nie. Daarbenewens kan afwesigheid van

soldate uit hul eenhede vanweë siviele litigasie denkbaar ernstig inbreuk maak op opleiding en operasionele paraatheid.

Op die keper beskou vind deur hierdie regsweledaad 'n ingreep van owerheidsweë plaas op die regsverhouding tussen kontrak- en prosespartye, en dit vanweë dwingende oorwegings van billikheid en militêre doelmatigheid.⁵ Voorbeelde van soortgelyke begunstiging is aan te tref in van die vroegste oud-Babiloniese regstekste, die *privelegia militum* van die klassieke en naklassieke Romeinse reg en van die Romeins-Hollandse reg, asook die respytwetgewing vir milisie tydens die Amerikaanse burgeroorlog, die Frans-Pruisiese oorlog, die Anglo-Boereoorlog, die twee wêreldoorloë en huidige moratoriumwetgewing ten gunste van weermaglede op aktiewe diens. Laasgenoemde sluit in die Britse Reserve and Auxiliary Forces (Protection of Civil Interests) Act 1951, die Switserse Bundesgesetz betreffend Revision des Bundesgesetzes über Schuldbetreibung und Konkurs [Rechtsstillstand wegen Militärdienstes des Schuldners] 1949 en die Israelse Enlargement of Times Law 1974, asook die Amerikaanse Soldiers' and Sailors' Civil Relief Act 1940. Die omvattende onderstand wat deur laasgenoemde verleen word, is juis onlangs tot voordeel van aktiewe lede van die Amerikaanse weermag aangevul, uitgebrei en herbenoem as die Service Members Civil Relief Act 2002.⁶

Die Afrikaanse term *moratorium* is oorgeneem uit Latyn. Die Latynse woord *moratorium* en regsterme soos *moratoria praescriptio* en *rescriptum moratorium* is afgelei van die klassieke deponens *moror*, "om te vertraag, uit te stel", en die selfstandige naamwoorde *mora*, wat "oponthoud, verlet, versuim" beteken, en *morator*, wat "vertrager, uitsteller, talmer" beteken.⁷

Regtens kan 'n moratorium beskryf word as 'n regsweledaad in die vorm van 'n vertraging oftewel 'n uitstel van verpligtinge⁸ wat van owerheidsweë verleen word⁹ aan persone wat vanweë uitsonderlike of ander omstandighede buite hul beheer nie in staat is om daardie finansiële en ander verpligtinge reëlmatig na te kom nie.¹⁰

Een van die *essentialia* van die regsfiguur is die uitoefening van staatsgesag. 'n Verdere *essentiale* is die handhawing van verpligtings. Die voortbestaan van die opgeskorte verpligting word in beginsel nie geaffekteer nie; dit word uitgestel en nie opgehef nie. Dit is juis een van die verskille tussen 'n moratorium en kwytstelling. Die inherente beperkings van hierdie regsfiguur behoort dus voor oë gehou te word. Dit is naamlik allereers 'n palliatief en nie 'n alheilmiddel nie. Dit maak nie voorsiening vir die kansellering van kontrakte, skulde of verpligtinge nie. Anders as insolvenswetgewing is die oogmerk daarvan die behoud van die *status quo ante*. Sekwestrasie en boedeloorgawe wis in effek skulde uit in ruil vir die bates in die boedel van die skuldenaar. 'n Moratorium handhaaf die skulde en laat die skuldenaar toe om sy bates intussen te behou. Dit verskaf as't ware noodhulp *pro tempore* in die hoop dat finansiële probleme minder sal wees indien dit uitgestel word tot na die verstryking van aktiewe diens. Dit kan derhalwe hoogstens bloot tydelike finansiële verligting en gemoedsrus bewerkstellig. Dit is nie bedoel as 'n maatreeël wat 'n klinkklare en permanente oplossing bied vir ernstiger probleme wat eerder as welsynsgevalle te beoordeel en slegs deur direkte finansiële bystand te bereedder is nie.

Verskeie vastelandse regstelsels het mettertyd die individuele moratoria van die *ius commune* bestaansreg ontsê of by verstek in die vergetelheid laat verdwyn, terwyl enkeles dit verbeeldingryk tot gesofistikeerde regsfigure ontwikkel om aan te pas by die veranderde behoeftes van die moderne handels- en regsverkeer.¹¹ Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu het die oorwig van die klem van regsontwikkelings egter geval op die invoering van statutêre moratoria van uiteenlopende aard en omvang.

Veral die twee wêreldoorloë het as't ware 'n oorfloed van moratorium-wetgewing tot gevolg gehad.¹² Suid-Afrika het in dié opsig ook nie agterweë gebly nie.

In hierdie bydrae word die aandag toegespits op Suid-Afrikaanse moratorium-wetgewing en veral dié ten behoeve van soldate en ander lede van die verdedigingsmag van die Unie op aktiewe diens gedurende die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog. Die bespreking word veral toegespits op die bepalings wat in latere wetgewing nagevolg is.¹³ Op eenmalige of tydsgebonde maatreëls word die aandag net in die verbygaan gevestig en dan slegs indien dit nodig geag word vir behoorlike perspektief op die historiese ontwikkelingsgang.

2. Eenvormige verdedigingswet

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n eenvormige verdedigingswet. Die Zuid-Afrika Verdedigings Wet 13 van 1912 was 'n uitvloeisel van die imperiale verdedigingskonferensie wat gedurende die vorige jaar in Londen gehou is.¹⁴ Hierdie wet het voorsiening gemaak vir 'n Verdedigingsmag van die Unie bestaande uit die staande mag, die kugarnisoenmag, die burgermag, die koninklike marinevrywilligersreserwe en die spesiale reserwe.¹⁵ Dienspligtige burgers wat nie lede van die burgermag was nie, was verplig om in te skryf as lede van sogenaamde skietverenigings, die voorloper van die kommando's van weleer.¹⁶

Artikel 95 en die vyfde bylae van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet het voorsiening gemaak vir die voortgesette toepassing van sekere bepalings van die Britse Army Act 1881 op die lede van die Verdedigingsmag van die Unie. Daaronder het artikel 144 van die Army Act getel.¹⁷ Lede van die Verdedigingsmag kon ingevolge hierdie bepalings nie gearrester word of verplig word om in eie persoon voor enige geregshof te verskyn ten opsigte van enige skuld of skadevergoeding wat minder as dertig pond beloop nie.¹⁸ Alle verrigtinge in enige hof in stryd met die bepalings was nietig en 'n hof was verplig om so 'n bevel te gee ingeval beswaar aangeteken word deur die lid of sy bevelvoerende offisier. Die bepalings het egter nie 'n eiser belet om 'n lid te dagvaar nie. 'n Eiser kon, nadat behoorlik aan die lid kennis gegee is, voortgaan om vonnis teen so 'n lid te verkry en om eksekusie teen sy bates te hef, uitgesonderd sy persoon, soldy, wapens, toerusting, uniform of ander regimentsbenodigdhede.¹⁹ Die noodwendige implikasie van die bepalings was dat indien die skuld of skadevergoeding meer as dertig pond beloop het, die skorsing van persoonlike arres nie gegeld het nie.²⁰ Of die wetgewer alle lede van die verdedigingsmag 'n guns bewys het

deur die invoering van hierdie veelal beperkte moratorium, kan betwyfel word.²¹ Die omvattender gemeenregtelike privilegie van soldate teen persoonlike arres, veral ten opsigte van dié op aktiewe diens of op die punt om op aktiewe diens te vertrek, is reeds 'n geruime tyd voor die invoering van hierdie statutêre maatreëls deur 'n reeks hofuitsprake in die Suid-Afrikaanse reg geresipieer.²²

Ingevolge artikel 114 van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet was lede verbied om die geheel of enige deel van hul soldy of toelaes oor te maak. Ook kon nie daarop beslag gelê word nie en dit het nie deel gevorm van die lid se insolvente boedel nie. Hierdie bevoorregting is wyer as dié in die Romeins-Hollandse reg²³ of as dié verleen deur die Britse Army Act 1881.²⁴ Die beskerming kragtens artikel 114 is ook omvattender as dié voorsien deur die Wet voor de Staats-Artillerie van de ZA Republiek 1896.²⁵

3. Eerste Wêreldoorlog

3.1 *Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914*

3.1.1 *Inleiding*

Die Eerste Wêreldoorlog het op 4 Augustus 1914 'n aanvang geneem. Die regering van die Unie van Suid-Afrika was verplig om reeds vanaf die eerste uur van die oorlog aan Brittanje alle hulp vir die voortsetting van die oorlog te verleen. 'n Mededeling te dien effekte is op dieselfde dag deur die eerste minister aan die waarnemende goewerneur-generaal oorhandig.²⁶

Op 9 September 1914 is die Wetsontwerp inzake Openbare Welvaart en Moratorium ingedien.²⁷ Tydens die tweede lesing van die wetsontwerp²⁸ het die minister van spoorweë en hawens toegegee dat dit 'n noodmaatreël is wat buitengewone bevoegdhede aan die regering toesê. Dit is egter nodig geag, aangesien die afkondiging van krygswet vermy wou word. In teenstelling met Brittanje, waar die afgekondigde moratorium in wese 'n bank- of wisselmoratorium was, is in Suid-Afrika besluit om 'n moratorium in te voer wat die handelsverhoudinge so min as moontlik sou versteur.²⁹

'n Moratorium vir soldate op aktiewe diens is in elk geval noodsaaklik geag om te verhoed dat hulle met geldelike verpligtinge lastig geval word.³⁰ Origens is van die standpunt uitgegaan dat persone wat werklik solvent is, maar vanweë onvoorsiene oorlogsomstandighede nie in staat is om hul skulde te betaal nie, respyt verleen behoort te word. Verder het sommige skuldeisers van die buitengewone omstandighede waarin veral die landelike bevolking as gevolg van die oorlog gedompel was, misbruik gemaak deur verbande en skuldaktes voor die voet op te roep. Die stand van sake moes ook dringend deur middel van 'n moratorium beëindig word, aangesien talle boere op krediet gesteun het met 'n toekomstige oes as sekuriteit. Die stelsel was reeds 'n geruime tyd in gebruik en dit sou talle boere ruïneer indien eensklaps hieraan 'n einde gemaak sou word.³¹

Gedurende die komiteestadium van die wetsontwerp op 12 September 1914 is die oorspronklike klousule 5 verwerp en vervang deur 'n totaal nuwe bepaling wat uiteindelik as artikel 5 van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet op die wetboek verskyn het.³² Die derde lesing van die wetsontwerp het op 14 September 1914 plaasgevind. Die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1 van 1914³³ het op 15 September 1914 in werking getree.³⁴

3.1.2 Algemene moratorium vir vooroorlogse skulde

Geregshowe is deur artikel 5(1) en (2) van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914³⁵ gemagtig om 'n moratorium te verleen aan persone wat, hoewel solvent, as gevolg van oorlogstoestand nie in staat was om aan hul verpligtinge te voldoen nie.³⁶ Die verlening van die moratorium was in die diskresie van die hof.³⁷

Die skuldenaar moes bewys dat hy wel solvent is, dat die skuld aangegaan is voor 4 Augustus 1914 en dat hy as direkte of indirekte gevolg van oorlogsomstandighede nie in staat is om aan sy verpligtinge te voldoen nie.³⁸ Die hof kon daarop na goeë dunde die tyd verleng vir voldoening aan die skuld of toelaat dat die siviele geding sy loop neem totdat vonnis toegestaan word, en daarna op versoek van die vonnisskuldenaar die eksekusie van die vonnis opskort of uitstel.³⁹

Voorts het artikel 5(2) daarvoor voorsiening gemaak dat 'n skuldenaar ten opsigte van 'n skuld aangegaan voor 4 Augustus 1914 by sy krediteur kon aansoek doen om verlenging van die tydperk om aan die skuld te voldoen op grond van sy onvermoë om, vanweë oorlogsomstandighede, te betaal. Weier die skuldeiser om uitstel van betaling te verleen, kon die skuldenaar ná behoorlike kennisgewing óf die afdeling van hooggeregshof met jurisdiksie oor die skuld óf die landdroshof binne wie se regsgebied hy woonagtig was, versoek om so 'n uitstel van betaling aan hom te verleen. Die hof kon dan 'n moratorium verleen wat nie langer sou duur as tot drie maande na die einde van die oorlog nie.

Laasgenoemde voorskrif herinner nogal aan gemeenregtelike *beneficia* vir skuldenaars, soos *rescripta inductionis*, *rescripta moratoria* (oftewel *brievens van respyt en atterminasie*) en *surcheance van betaalinge*.⁴⁰ Die vraag ontstaan gevolglik of die gemeenregtelike *beneficia* vir debiteure ook tot die beskikking was van betalingsonvermoënde individue voor, tydens en na die Eerste Wêreldoorlog.

Die antwoord hierop lê opgesluit in 'n drietal uitsprake van regter Kotze. In *Newcombe v O'Brien*⁴¹ kom regter Kotze tot die gevolgtrekking dat die gemeenregtelike remedie *surcheance van betaling*⁴² geabrogeer is deur die Kaapse Insolvency Ordinance 1843.⁴³ Aangesien die Kaapse insolvensiewetgewing bykans verbatim oorgeneem is deur Natal in 1846,⁴⁴ die Oranjevriestaat in 1878⁴⁵ en die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1880⁴⁶ is die uitspraak van kardinale belang vir die lotgevalle van *surcheance van betaalinge* in die Suidelike Afrika van die 19de eeu.⁴⁷ Regter Kotze verwoord sy standpunt soos volg:

[T]he ... Insolvency Ordinance ... provides that "all the laws and customs heretofore in force within this colony, in so far as the same are repugnant to or inconsistent with

any of the provisions of this Ordinance, shall be and the same are hereby respectively repealed." Surcheance, or suspension of debts, is no longer a remedy of which a debtor can avail himself against the demand of his creditors. It may be of interest to mention that after the war of 1880–81 land in the Transvaal dropped in value to a most extraordinary extent, and in an application for surcheance of payment by a debtor was per infortunium granted by an acting judge; but on a similar application coming before me I, on the return day, dismissed it on the ground that the Insolvency Ordinance, which had been introduced into the Transvaal Province in 1880, had repealed this remedy of the Roman-Dutch law.

Die Transvaalse regspraak waarna in die aanhaling hier bo verwys word, is deur regter Kotze in sy aantekeninge op sy vroeëre vertaling van Van Leeuwen⁴⁸ geïdentifiseer as *sy eie* ongerapporteerde uitspraak in Ex parte van de Veen wat op 11 Julie 1885 gelewer is. In dieselfde aantekeninge gee hy ook te kenne dat die ander Romeins-Hollandse beneficia vir skuldenaars, soos *rescripta moratoria*, stilswyend "herroep" is deur die betrokke insolvensiewetgewing. Volgens die Cape Law Journal⁴⁹ is op 1 Junie 1885 in die Transvaalse hooggeregshof uitspraak gelewer in Ex parte Van de Veer⁵⁰ waarin bevind is dat die "doctrine of attermination" by noodwendige implikasie "herroep" is deur artikel 4 van die Insolvent Ordinance. Hierdie standpunt is weer deur regter Kotze in 'n latere Kaapse uitspraak onderskryf.⁵¹

Of die standpunt van regter Kotze in historiese perspektief beskou as korrek aanvaar kan word, is egter nie bo alle twyfel verhewe nie. Hoe dit ookal sy, so 'n statutêre ingreep sou nie nodig gewees het indien sorg gedra is om met groter omsigtigheid met die nalatenskap van die Romeins-Hollandse reg te werk te gaan nie. Trouens, die ingreep kan gesien word as 'n indirekte erkenning dat die Suid-Afrikaanse reg veel armer gelaat is deur 'n ongelukkige sameloop van omstandighede wat die onbruik van *rescripta moratoria* en ander soortgelyke *beneficia* tot gevolg gehad het.⁵²

Verjaring is opgeskort⁵³ en daar is voorsiening gemaak vir die verlening van rente teen 'n koers van ses persent per jaar op die verskuldigde bedrag.⁵⁴

Die wet het ook verskeie strafbepalings ingevoer waarop nie verder ingegaan word nie.⁵⁵

3.1.3 Opskorting van siviele regsmiddels

3.1.3.1 Omskrywing

Voorsiening is soos volg deur artikel 5(5) vir 'n moratorium ten aansien van lede van die verdedigingsmag op aktiewe diens gemaak.⁵⁶

Alle siviele regsmiddels teen een lid van de Zuid-Afrikaanse Verdedigingsmacht ... op aktiewe dienst gedurende de tegenwoordige oorlog zijn geschorst voor het gehele tijdperk dat zodanige lid op aktiewe dienst is en gedurende drie maanden daarna.

Hierdie bepaling sou die *caput et fundamentum* vorm van alle soortgelyke latere Suid-Afrikaanse moratorium-wetgewing ten behoeve van militêre dienspligtiges en krygspligtiges. Daarbenewens stem dit in beduidende opsigte ooreen met artikel 10 van die Wet voor die Krijgsdienst der ZA Republiek 2 van 1883.⁵⁷ Net soos artikel 10 van die Krijgswet het artikel 5(5) van die 1914-Moratoriumwet 'n wye moratorium ingevoer deur 'n allesomvattende opskorting van siviele regs middels ten opsigte van soldate op aktiewe diens. In beide gevalle was die moratorium absoluut en het daar aanvanklik geen uitsonderings daarop bestaan nie. In beide gevalle het die moratorium ook 'n materieelregtelike uitwerking gehad in die sin dat die opeisbaarheid van skulde effektief op die lange baan geplaas is. Trouens, betaling daarvan kon eers regtens afgedwing word na verstryking van die respyt.⁵⁸ In beide gevalle het die respyt langer geduur as die tydperk op aktiewe diens om die krygsman in staat te stel om na sy terugkeer sy sake in orde te kry voordat die moratorium verstryk.

Die bepalings herinner in 'n gewisse mate ook aan die voorskrifte van die Edik van Karel V van 20 Oktober 1547, die plakkaat van die Prins van Oranje van 7 Mei 1630, die plakkaat van die State-Generaal van 8 Desember 1665,⁵⁹ en soortgelyke maatreëls wat gedurende die Amerikaanse burgeroorlog ingevoer is. In dié opsig val veral die mate van ooreenstemming met bepalings soos artikel 1 van Minnesota se Act to Protect Persons in the Military and Naval Service of the United States from Civil Suits van 1865⁶⁰ in die oog.

3.1.3.2 Doel en uitleg

In *Lloyd v Horn*⁶¹ is beslis dat artikel 5(5) uitgelê moet word op 'n wyse wat die wydste moontlike beskerming aan die weerman verskaf:

If there were any question as to the exact meaning of the section I would say *a very wide interpretation must be given to the words of the section*. The object of the legislature was to prevent any person on active service being troubled or worried with legal proceedings, and the reasons are so obvious that it is not necessary to state them."⁶²

Dit is opmerklik dat 'n soortgelyke benadering in die Verenigde State voorgestaan is.⁶³

Hierdie toegeeflike benadering verskil opmerklik van die streng uitleg wat voorgestaan is in *Keyter v Maasdorp*⁶⁴ ten opsigte van die moratorium op skulde aangegaan voor 4 Augustus 1914.⁶⁵

This Act is an Act interfering with the ordinary rights of creditors. It seems to me that it is not intended that the court should exercise a sort of benevolent indulgence towards debtors, but when the ordinary law is superseded by an Act, the court should be careful to see that any condition precedent to such supersession is fulfilled.

In *Willard v Daines*,⁶⁶ *Olsen v Olsen*,⁶⁷ *Wolfson v Heunes*,⁶⁸ *Ross R M & Co v Foster*⁶⁹ en *Glensor and Passmore v Kantor*⁷⁰ is as hoofrede vir die beskerming geïdentifiseer die oogmerk om te verhoed dat persone op aktiewe diens te velde geteister of lastig geval word met siviele litigasie, en wel om hul sodoende in staat te stel om hul volle aandag te wy aan hul militêre take en pligte as krygslui. Hierdie take en pligte geniet naamlik in oorlogstyd

voorrang bo alle ander. Aangesien 'n krygsman op aktiewe diens nie na sy persoonlike sake kan omsien nie, verleen die wetgewer nie slegs aan hom 'n moratorium terwyl hy aktiewe diens doen nie, maar ook vir 'n verdere tydperk van drie maande daarna om sy sake na sy terugkeer in orde te kry voordat sy respyt verstryk. In *Worthington v Wilson*⁷¹ is die mening deur regter Gregorowski uitgespreek dat die verlening van die betrokke moratorium ten doel het om persone aan te moedig om op aktiewe diens te gaan.

Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die gewysdes die prosesregtelike aard van die moratorium beklemtoon en dit bowendien as 'n streng persoonlike bevoorregting beskou.

Daar kan egter ook 'n saak uitgemaak word dat nie slegs billikheid en ekonomiese noodsaak ter sprake kom by moratorium-wetgewing rakende krygslui nie, maar dat ook militêre doelmatigheid die verlening noop van 'n moratorium aan persone wat aktiewe diens in oorlogstyd verrig. Dit is veral om 'n hoë moreel, die minimum inbreukmaking op opleiding en die handhawing van 'n effektiewe peil van paraatheid in 'n weermag te verseker.⁷² Dit wil derhalwe voorkom of moontlik te veel klem geplaas is op die verlening van hierdie onderstand as 'n persoonlike *beneficium*. So 'n benadering kon geïnspireer gewees het deur die teenwoordigheid van ander moratoria in die 1914-Moratoriumwet wat sterk aan die *beneficia* van skuldenaars in die Romeins-Hollandse reg herinner. Dit wil egter voorkom of so 'n eng interpretasie van die motivering vir die invoering van hierdie moratorium nie sonder meer as bo alle kritiek verhewe beskou kan word nie.

3.1.3.3 Gemeenregtelike aanknopingspunte

Reeds in 1914 kom die hof in *Estate van der Merwe v Bruwer*⁷³ tot die volgende gevolgtrekking: "The Public Welfare and Moratorium Act introduced no new principle into the law. Under Roman-Dutch law, if a person could satisfy the court that if he was given time he would be able to meet his liabilities, he was entitled to what was known as attermination or respite." Die benadering is onderskryf in *Borchers v Morgan*⁷⁴ en *Broomberg v Birkett*.⁷⁵

In *Barrett and Glynn v Davidson*⁷⁶ bevind regter Wessels dat die statutêre opskorting van siviele regsmiddels teen 'n lid van die verdedigingsmag aan die krygsman 'n persoonlike privilegie verleen. Dit is veral so aangesien die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 nie ingevoer is tot voordeel van die staat nie, maar tot voordeel van die betrokke individu. Juis daarom kan regsgeldig van die betrokke moratorium afstand gedoen word.

Volgens *Worthington v Wilson*⁷⁷ bestaan daar 'n aansienlike mate van ooreenkoms tussen die beskerming verleen deur die Openbare Welzijn en Moratorium Wet en die privilegies verleen deur *atterminatie* in die Romeins-Hollandse reg, hoewel dié deur die wet verleen omvattender mag wees as die onderstand ingevolge die gemeenregtelike moratoria. Daarom is die gemeenregtelike gesag rakende die regsposisie van 'n borg in 'n geval waar aan die hoofskuldenaar 'n moratorium verleen word, ook van toepassing indien die hoofskuldenaar op aktiewe diens is en derhalwe geregtig is op die moratorium verleen deur die opskorting van siviele regsmiddels ingevolge die 1914-Moratoriumwet.

Die kritiek rakende die oorbeklemtoning van die oogmerk om die soldaat persoonlik te bevoorreg kan ook hier weer geopper word. Voorts kom dit as histories geregverdig voor om die besonder noue en bykans uitsluitlike verwantskap te bevraagteken wat in regspraak tussen die statutêre respyt vir soldate en die gemeenregtelike voorregte vir skuldenare⁷⁸ getrek is. Dit sou meer konsekwent gewees het om die maatreëls ter opskorting van siviele regsmiddels teen soldate, soos dié aan te tref in die Edik van Karel V van 20 Oktober 1547,⁷⁹ te beskou as die gemeenregtelike voorlopers van die goed vergelykbare moratorium ter opskorting van siviele regsmiddels teen krygslui verleen deur die Openbare Welzijn en Moratorium Wet.

3.1.3.4 Regswerking

Aangesien geen siviele aksie of geding van welke aard ook al teen 'n lid van die Zuid-Afrikaanse Verdedigingsmacht op aktiewe diens ingestel of voortgesit kon word nie,⁸⁰ geen vonnis of bevel in 'n siviele aksie of geding teen hom verleen kon word nie,⁸¹ en geen tenuitvoerlegging van 'n vonnis kon geskied nie,⁸² is die bevoegdheid van 'n eiser tydelik lamgelê om die verpligtinge van die krygsman voortspruitend uit enige skuldoorsaak regtens af te dwing.⁸³

Uit die oogpunt van die kontraktereg beskou, is die opeisbaarheid⁸⁴ van 'n prestasie deur die krygsman verskuldig effektief op die lange baan geplaas en kon betaling van sy skulde dus tot tyd en wyl nie regtens afgedwing word nie.⁸⁵ Daar behoort gewaak te word teen die oorbeklemtoning van die formeelregtelike aspekte van die onderstand om te voorkom dat hierdie materieelregtelike aspekte van die respyt op die agtergrond geskuif en sodoende buite rekening gelaat word wanneer die regsgevolge van hierdie moratorium op die keper beskou word.

Kentekenend van sodanige miskenning is die uitleg wat aan die voorganger van hierdie bepaling, naamlik artikel 8 van die Wet voor den Krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, gedurende 1903 in Nederland gegee is in twee ietwat kursoriese uitsprake van howe te 's-Gravenhage.⁸⁶ In die hof a quo⁸⁷ is bevind dat die opskorting van regsprosesse ook die opskorting van die vorderingsregte voortspruitend uit die verbintenis tot gevolg het, wat weer daartoe aanleiding gee dat die moratorium ook 'n materieelregtelike werking het. Aangesien die betrokke vorderingsregte self ook opgeskort is, kon dit selfs nie in Nederland afgedwing word nie. Dit was naamlik gemenesaak dat die betrokke verbintenis te Johannesburg aangegaan was en derhalwe beheers is deur die toe geldende wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek. In appèl is die beslissing van die hof a quo egter omvergewerp, aangesien die hof van oordeel was dat hoewel die tersaaklike deel van artikel 8 wel “voorschrift schorsing in genoemde republiek, gedurende bedoelden termijn van de rechtspleging; maar niet, dat onder meer elke aldaar gesloten verbintenis zal geacht worden met bijvoeging van dien termijn als tijdsbepaling te zijn aangegaan”. Die feitelike opskorting van die vorderingsreg in die Zuid-Afrikaansche Republiek het volgens die hof derhalwe nie tot gevolg dat die vorderingsreg nie elders regtens afgedwing kan word nie en daarom was die eis in 'n Nederlandse hof ontvanklik. Die uitspraak in appèl kom waarskynlik slegs daarop neer dat billikheidshalwe beslis is dat die betrokke bepaling nie die voortbestaan van

die vorderingsreg self wou affekteer nie, maar bloot die afdwinging daarvan wou opskort, en dit bowendien slegs in Transvaalse howe en nie in enige ander bevoegde hof nie. Vir sover die uitspraak te kenne gee dat 'n moratorium bestaande uit die opskorting van siviele regsmiddels slegs 'n formeelregtelike werking het en nie 'n materieelregtelike een nie, kan selfs uit 'n gemeenregtelike oogpunt beskou nie daarmee akkoord gegaan word nie. Trouens, deur die opeisbaarheid van skulde op die lange baan te plaas, word effektief verhoed dat 'n skuldenaar in mora verval indien hy gedurende die oorlog nie die skulde betaal op die dag oorspronklik in die kontrak bepaal nie. Dienooreenkomstig kan daar nie sprake wees van mora debitoris of kontrakbreuk as gevolg van versuim om op die oorspronklik bepaalde dag te presteer nie en is die teenkontraktant nie daarop geregtig om hom voor die verstryking van die moratorium op enige vervroegings- of verbeuringsbeding of *lex commissoria* te beroep nie. Soos reeds beklemtoon, is die oogmerk van 'n moratorium in beginsel nie om regte en verpligtinge geheel en al uit te wis nie, maar om die afdwinging daarvan uit te stel tot die verstryking van die betrokke noodtoestand of ander onvoorsiene omstandigheid. Dat die uitwerking van die uitstel as sodanig gesien kan word as 'n gewisse vermindering van die regte van skuldeisers is gemeenregtelik reeds ingesien, want die stelreël het gegeld dat hy wat ná die aanvanklik ooreengekome termyn betaal, te min betaal.

Aangesien die driemaande-tydperk na verstryking van aktiewe diens bedoel is om die soldaat geleentheid te bied om sy persoonlike sake in orde te kry, is die moratorium nie van toepassing op enige nuwe verpligtinge wat tydens die driemaande-periode aangegaan is nie, maar net op die verpligtinge voor en tydens aktiewe diens aangegaan.

3.1.3.5 Vennootskap

3.1.3.5.1 Inleiding

Aanvanklik is geen uitsonderings op die moratorium verleen deur artikel 5(5), geskep nie en geen diskresie is aan die howe verleen nie. Die wetgewer het dus op die invoering van 'n absolute moratorium aan krygslui besluit. Die benadering verskil opmerklik van dié wat gevolg is met die invoering van die moratorium ten opsigte van skulde aangegaan voor 4 Augustus 1914.⁸⁸

Twee uiteenlopende benaderings kan by die verlening van 'n moratorium gevolg word: die wetgewer kan 'n streng en absolute reëling vir die toepassing van die moratorium daarstel,⁸⁹ of dit kan die verlening van die moratorium in 'n besondere geval aan 'n spesifieke persoon grotendeels aan die diskresie van die howe oorlaat.⁹⁰

Kies die Suid-Afrikaanse wetgewer eersgenoemde uitweg, tree die regsposisie van die soldaat wat lid van 'n vennootskap is en dié van sy medevennote⁹¹ dadelik op die voorgrond, veral in die lig van die voetangels en klemme waarmee die weg na 'n billike reëling van die regsposisie besaai is.

Met die invoering van 'n absolute moratorium behoort in gedagte gehou te word dat die versamelingsteorie oor die regsraad van 'n vennootskap as algemene reël in die Suid-

Afrikaanse reg geld en die entiteitsteorie slegs in uitsonderingsgevalle inslag kon vind. 'n Vennootskap word dus regtens bloot as 'n versameling van individue beskou.⁹² Die regte en verpligtinge van die vennootskap is die regte en verpligtinge van die vennote en die bates daarvan is die eiendom van die vennote in gemeenskaplike onverdeelde aandele.⁹³ Deur die totstandkoming van die vennootskap word 'n ingewikkelde netwerk van regte en verpligtinge tussen die vennote in die lewe geroep.⁹⁴ Alhoewel elke vennoot in beginsel *in solidum* aanspreeklik is vir vennootskapskulde,⁹⁵ staan die vennote voor die ontbinding van die vennootskap, voor uitwinning van die vennootskapsbates, en veral ook vanweë die reëls van die burgerlike prosesreg, vir sekere doeleindes op die oog af as 'n eenheid teenoor die buitewêreld. Daarom kan vennote, veral terwyl daar wel voldoende uitwinbare vennootskapsbates⁹⁶ voor ontbinding van die vennootskap teenwoordig is, as gesamentlike medeskuldenaars beskou word en kan een van die vennote gewoonlik nie afsonderlik aangespreek word deur skuldeisers van die vennootskap nie.⁹⁷ Eers na uitwinning van die vennootskapsbates kan elke vennoot voor ontbinding van die vennootskap *singuli in solidum* aanspreeklik gehou word vir die betaling van die restant van die vonnisskuld van die vennootskap.⁹⁸ Daarom kan die aanspreeklikheid van vennote *stante societate* bestempel word as subsidiêr *in solidum*.⁹⁹

In beginsel is daar dus twee uiteenlopende uitweë beskikbaar aan die wetgewer wat 'n absolute reëling verkies: hy kan besluit om aan die begunstigde ook in sy hoedanigheid as vennoot 'n moratorium te verleen, met die noodwendige gevolg dat sy vennote meteen ook dieselfde prosesregtelike beskerming ten opsigte van vennootskapskulde sal geniet, of hy kan die begunstigde onderstand ontsê in sy hoedanigheid as vennoot. Tussen die twee teenpole moet getrag word om 'n uitweg te kies wat 'n billike opweging van belange tussen die vennoot op militêre diens, sy vennote en die skuldeisers van die vennootskap sal verseker.¹⁰⁰

In die lig van bogemelde beginsels van die vennootskapsreg en die breë spektrum van aktiwiteite wat in vennootskap beoefen kan word,¹⁰¹ skyn die verwesenliking van so 'n ideaal nie geredelik bereikbaar te wees nie. Die wetgewer het dan ook nie altoos hierin geslaag nie. Intendeel, sy eerste pogings is deur die howe as klaarblyklik onregverdig beskou en daar is op wysiging aangedring.

Aanvanklik is geen bepalings in die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 opgeneem waardeur besondere voorsiening gemaak is vir die reëling van die regsposisie indien een van die lede van 'n vennootskap op aktiewe diens is nie. Een moontlike afleiding is dat die wetgewer die mening toegedaan was dat die afwesigheid van sodanige bepalings geen probleme sou veroorsaak nie. Indien die stand van die vennootskapsreg in daardie tydsgewrig in aanmerking geneem word, skyn daar wel rede vir sodanige optimisme te gewees het.

Gemeenregtelik het die verlening van 'n moratorium slegs 'n persoonlike verweer aan 'n skuldenaar verskaf, wat nie sonder meer ter beskikking van persone was wat addisioneel tot die skuldenaar aanspreeklik gehou kon word nie.¹⁰² In die Romeins-Hollandse reg kon enigeen van die vennote afsonderlik gedurende die bestaan van die vennootskap,¹⁰³ en in die latere Romeins-Hollandse reg selfs *singuli in solidum*, aanspreeklik gehou word vir die betaling van 'n vennootskapskuld.¹⁰⁴ Ten spyte van die aanvaarding van die beginsel dat

vennote *in solidum* aanspreeklik is vir vennootskapskulde,¹⁰⁵ het hier te lande 'n praktyksreël ontwikkel dat aksie deur of teen 'n vennootskap *stante societate* slegs in naam van al die vennote ingestel kan word.¹⁰⁶ Nogtans is toegelaat dat waar 'n vennoot afwesig was, aksie deur of teen die oorblywende vennoot ingestel kon word.¹⁰⁷ In Transvaal kon aksie in elk geval deur of teen sekere vennootskappe in naam van die vennootskap ingestel word.¹⁰⁸

3.1.3.5.2 Regspraak

Enige optimisme in dié verband was egter ongegrond. In *Lloyd v Horn*¹⁰⁹ is beslis dat artikel 5(5) uitgelê moet word op 'n wyse wat die wydste moontlike beskerming verskaf. Ook word in *Nel v Naudé & Labuschagne; Nel v Naudé & Nel v Labuschagne; Labuschagne & Naude v Nel*¹¹⁰ bevind dat die opskorting van siviele regsmiddels wel op 'n vennoot wat aktiewe diens verrig, van toepassing is. Alhoewel die hof van mening is dat die vennoot wat nie op aktiewe diens is nie, nie op die beskerming geregtig is nie, voel die hof billikheidshalwe verplig om in die lig van die noue verwickeldheid van die regte en verpligtinge van die vennote, ook aan dié vennoot 'n moratorium te verleen.

Voorts word die hof in *Matterson Bros v Rolfes Nebel & Co*¹¹¹ versoek om te beslis of aksie teen 'n vennootskap ingestel kan word indien slegs een van die vennote op aktiewe diens is en die vennootskapsbesigheid soos voorheen deur die ander vennote voortgesit word. Die hof is van mening dat aangesien 'n vennootskap nie 'n regspersoon is nie, enige aksie teen die vennootskap inderwaarheid teen al die vennote, insluitend die vennote op aktiewe diens, ingestel word. Dit sou in stryd wees met die opskorting van siviele regsmiddels teen die vennoot op aktiewe diens. Die aksie kan nie slegs tot vonnis teen die vennootskapsbates beperk word nie, want ook hierin het die vennoot op aktiewe diens 'n belang. Enige vonnis teen die vennootskap gevel, sal wel die vennoot op aktiewe diens raak. Indien slegs die vennote wat nie op aktiewe diens is nie, aan die vonnis gebonde gehou word, het hul wel 'n regresreg teen die vennoot op aktiewe diens. Dié regresreg kan egter eers later uitgeoefen word. Intussen word hierdie vennote moontlik wesenlik benadeel indien die vennootskapsbates nie ter bevrediging van die vonnis aangewend mag word nie. Indien die vennote wel later hul regresreg uitoefen teen die vennoot wat op aktiewe diens was, kan in die aksie moontlik 'n ander uitspraak gegee word as in die voorafgaande aksie deur die skuldeiser: "It seems to me that everyone concerned would be involved in the most hopeless confusion if such a judgement could be given as would professedly operate against a partnership, without affecting the position of the partner on military service."¹¹²

Daar word dus beslis dat alle siviele regsmiddels teen die vennootskap ook opgeskort word, dit wil sê ook teen die vennote nie op aktiewe diens nie ten opsigte van hul aanspreeklikheid vir vennootskapskulde. Die hof volstaan met 'n beroep op die wetgewer om die aangeleentheid in die reine te bring.¹¹³

In *Barrett & Glynn v Davidson*¹¹⁴ verkry die volbank van die Transvaalse provinsiale afdeling geleentheid om die aangeleentheid te oorweeg. Weer eens word tot dieselfde bevinding geraak: "There can be no doubt that directly one admits that a partnership is not a legal persona, and that it is not a *persona legis* with respect to actions brought against it, then

it follows as a necessary corollary that you cannot sue a partnership, because you are debarred from suing a partner."¹¹⁵

In *Mennie v Lennard & Washington*¹¹⁶ erken die vennoot op aktiewe diens dat hy by die gewapende magte aangesluit het bloot om die afdwinging van sy verpligtinge te vertraag. Nogtans weier die hof om óf die vennootskapsboedel óf die boedels van die vennoot op aktiewe diens en sy vennote te sekwestreer, aangesien die boedel van die vennoot op aktiewe diens nie gesekwestreer mag word nie. Weer eens word 'n beroep op die wetgewer gedoen om in te gryp.

Die gevolg was dus dat selfs waar misbruik gemaak is van die moratorium in die vorm van die opskorting van siviele regsmiddels, die skuldeiser van die vennootskap remedieloos gelaat is. 'n Moontlike uitweg vir die skuldeiser sou wees om die vennoot op aktiewe diens te oorreed om van die opskorting van siviele regsmiddels afstand te doen, in welke geval aksie wel normaalweg ingestel en voortgesit sou kon word.¹¹⁷

Uiteraard is bogemelde bespreking nie van toepassing op aksies déúr die vennootskap ingestel nie, aangesien die opskorting van siviele regsmiddels alleen betrekking het op aksies téén 'n lid van die verdedigingsmag.¹¹⁸

3.1.3.6 Borg

In *Worthington v Wilson*¹¹⁹ kom regters Mason en Gregorowski tot die gevolgtrekking dat 'n moratorium gemeenregtelik slegs 'n persoonlike verweer aan die hoofskuldenaar verleen het wat nie tot die beskikking van sy borge is nie. Derhalwe kon 'n borg van 'n hoofskuldenaar aan wie 'n moratorium verleen is, hom nie beroep op die *beneficium excussionis* of *beneficium divisionis* nie. Betaal die borg, word hy die skuldeiser van die hoofskuldenaar onderhewig aan die moratorium.¹²⁰ Daar word voorts bevind dat "[a]s there is very considerable analogy between the privilege granted by the Public Welfare and Moratorium Acts and the privilege granted by *atterminatie* to debtors who have assets but require time to make them available for their creditors", dieselfde regsposisie ten opsigte van borge ook aanwending vind in geval van die moratorium bestaande uit die opskorting van siviele regsmiddels verleen deur die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914.¹²¹ Derhalwe is die borg van die soldaat op aktiewe diens nie daarop geregtig om hom op die opskorting van siviele regsmiddels te beroep nie, aangesien die statutêre moratorium 'n persoonlike verweer verleen wat slegs tot beskikking van die hoofskuldenaar is. Slegs indien die borg self op aktiewe diens gaan, sou hy ook op die respyt geregtig wees.¹²²

Die borg bevind hom hiervolgens dus in die onbenydenswaardige posisie dat tensy hy ook op aktiewe diens gaan, hy verplig is om die skuldeiser te betaal en dan te wag totdat drie maande na die hoofskuldenaar se terugkeer van aktiewe diens verstryk het voordat hy die bedrag van die hoofskuldenaar kan verhaal. Nogtans is *Worthington v Wilson*¹²³ sonder enige kritiek in latere beslissings nagevolg.¹²⁴

3.1.3.7 Afstand

Die Romeinsregtelike standpunt vervat in C 2 3 29¹²⁵ was dat 'n soldaat regsgeldig van 'n privilegie soos die *praescriptio fori* kon afstand doen. Hierdie beginsel is in *Ritch and Bhyat v Union Government (Minister of Justice)*¹²⁶ deur hoofregter Innes onderskryf:

The maxim of the Civil Law (C. 2, 3, 29), that every man is able to renounce a right conferred by law for his own benefit was fully recognised by the law of Holland. But it was subject to certain exceptions, of which one was that no one could renounce a right contrary to law, or a right introduced not only for his own benefit, but in the interests of the public as well. [...]

[...]

[T]he same principle must necessarily apply where, the result of the renunciation by an individual would be to abrogate the term of a statute which in their nature are mandatory and not merely directory. [...] Because otherwise the result would be not merely to destroy private rights, but to defeat the provisions of an enactment intended on general and public grounds to be peremptory and binding on all concerned.¹²⁷

Hierdie standpunt dat van statutêre beskerming afstand gedoen kan word indien dit bloot tot voordeel van 'n individu of 'n sekere klas persone ingevoer is, is weer deur hoofregter Innes bevestig in *Wilken v Kohler*¹²⁸ en is sonder uitsondering in latere regspraak nagevolg.¹²⁹

Toe die vraag die eerste keer ter sprake kom of 'n krygsman kan afstand doen van die moratorium verleen deur die opskorting van siviele regsmiddels ingevolge artikel 5(5) van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914, is dit bevestigend beantwoord deur regter Mason in *Soutter v Soutter*,¹³⁰ maar sonder om op enige besonderhede in te gaan. Dieselfde standpunt is egter ook in *Barrett and Glynn v Davidson*,¹³¹ die meer oorwoë *locus classicus* oor die aspek, ingeneem:

The next question is whether sec. 5(5) of Act 1 of 1914 can be waived. Mr Pittman has contended that it cannot be waived because, though it gives private rights, it is also a matter of public expedience that a man on active service should not be sued. It may be so that it is a matter of public expedience, but there is no doubt that the Moratorium Act is not passed for the benefit of the State; it is passed for the benefit of the individual. If an individual chooses to waive the right under the statute, he is not prevented from doing so. Therefore, according to our law, the benefits of the statute can be waived.

In *Spencer v Spencer*¹³² kom die hof tot dieselfde gevolgtrekking.

3.1.3.8 Rente en verjaring

Verjaring is opgeskort vir die duur van die betrokke moratorium. Die tydperk van sodanige skorsing is nie beskou as deel van die verjaringstermyn nie.¹³³ Daar is voorsiening gemaak vir die verlening van rente teen 'n koers van ses persent per jaar op die verskuldigde bedrag vir die duur van die moratorium of totdat betaling van die verskuldigde hoofsaaklik voor verstryking van die respyt plaasvind.¹³⁴

Hierdie bepalings is klaarblyklik die voorlopers van artikels 4 en 5 van die Moratoriumwet 25 van 1963.

3.2 Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswet 1917

3.2.1 Inleiding

Uit persverslae¹³⁵ oor die debatte in die Volksraad tydens die tweede lesing en komiteestadium van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswetsontwerp val dit op dat verskeie probleemgebiede benewens vennootskappe in die praktyk na vore getree het as gevolg van die verlening van 'n absolute moratorium aan krygslui.

Volgens die minister van justisie¹³⁶ het gewetenlose persone die respyt deur artikel 5(5) van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 uitgebuit om die reëlmatige betaling van hul skulde te vermy en so die persone wat werklik die onderstand behoef ook benadeel. Gevalle het selfs voorgedoen waar persone inderdaad op aktiewe diens gegaan het om betaling van hul skulde te ontduik. As gevolg van sodanige misbruike van die regs weldaad het die eggenotes van soldate op aktiewe diens byvoorbeeld ernstige probleme ondervind om gepaste huisvesting te bekom.

Die konsepwysigingswetsontwerp¹³⁷ wat getrag het om hierdie probleme aan te spreek, het nie oral ewe veel byval gevind en eenstemmigheid ontlok nie. Veral tydens komiteestadium is die wetsontwerp grondig ontleed en gedebatteer. Uiteindelik is eenstemmigheid bereik dat die afhanklikes van soldate op aktiewe diens die prys van lewensbenodigdhede normaalweg behoort te betaal, aangesien gevalle voorgekom het waar toelaes roekeloos spandeer is op luukshede en daar nagelaat is om rekenings aan slagters en bakkers te betaal. Hoewel dit vir afhanklikes van soldate prakties onmoontlik was om huisvesting te bekom in Kaapstad of Johannesburg, was dit die gevolg van wanpraktyke soos waar 'n eggenote 'n huis onderverhuur het teen 'n hoër huurgeld as wat sy moes betaal en boonop ook nog geweier het om self die huur te betaal omdat die huurkontrak in haar man se naam gesluit was en hy as soldaat op aktiewe diens op 'n opskorting van alle siviele regsmiddels geregtig was.¹³⁸

Veral klousule 3, wat bedoel was om artikel 5 van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 te herroep en te vervang, het in die komiteestadium talle veranderings ondergaan, sodat die reëling wat uiteindelik op die wetboek verskyn het, heelwat verskil het van die oorspronklike konsep.¹³⁹ Die Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswet 37 van 1917 het op 9 Julie 1917 in werking getree.

Artikel 3 van die 1917-wysigingswet het artikel 5(5) van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet herroep en vervang met 'n veel wyer en gedetailleerde bepaling. Die oorspronklike artikel 5(5) het weer sy verskyning gemaak as artikel 5(5)(a). Daarbenewens is die opskorting van siviele regsmiddels ook van toepassing gemaak op 'n lid van die verdedigingsmag gedurende enige tydperk waartydens hy in 'n hospitaal vir siekte en wonde behandel word.¹⁴⁰

Uitsonderings is op die oorspronklik absolute moratorium geskep ten opsigte van vennootskappe, asook huurgelde van woonhuise, kamers of wonings, die prys van lewensbenodigdhede en losies of inwoning wat verskuldig geword het nadat die persoon reeds aktiewe diens begin verrig het.¹⁴¹

Voorts is aan die hooggeregshof die bevoegdheid verleen om, indien hy op aansoek oortuig is dat van die opskorting van siviele regsmiddels misbruik gemaak word of dat dit andersins reg en billik sou wees, die beskerming op te hef en aan die applikant verlof te verleen om met sy aksie voort te gaan.¹⁴² Enige aldus ingestelde aksie kon egter weer eens deur die hof opgeskort word op die voorwaardes wat hy goeddink.¹⁴³ Hiermee het die wetgewer dan erken dat die aangeleentheid nie aan die hand van absolute bepalings bevredigend gereël kon word nie.

Ook is bepalings rakende aansoeke om die ontslag van eksekuteurs, trustees, likwidateurs en dies meer op aktiewe diens uit hul amp,¹⁴⁴ vir die verlenging van tydperke vir vernuwing van lisensies en vir die verrigting van voorgeskrewe handeling ten aansien van patente, handelsmerke en modelle ingevoer.¹⁴⁵

In die verdere bespreking word die klem merendeels gelê op maatreëls wat beskou kan word as die voorgangers van bepalings wat in die oorspronklike Moratoriumwet 1963 aan te tref was en sommige steeds is.

3.2.2 Vennootskap

Die wetgewer het op *Matterson Bros v Rolfes Nebel & Co*,¹⁴⁶ *Barrett & Glynn v Davidson*,¹⁴⁷ en *Mennie v Lennard & Washington*¹⁴⁸ gereageer¹⁴⁹ deur die invoering van artikel 3 van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswet 1917 wat artikel 5(5)(b)(i) ingevoeg het in die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914. Hiervolgens is die opskorting van siviele regsmiddels nie van toepassing op enige "aktie of ander rechtsgeding van civiele aard" teen 'n vennootskap nie, indien enigeen van die vennote ten tyde van die instel van aksie of geding nie op aktiewe diens is nie.¹⁵⁰

Die wetgewer het hiervolgens besluit om die krygsman in sy hoedanigheid as vennoot beskerming te ontnem ten aansien van vennootskapskulde eerder as om die beskerming van toepassing te laat bly op die vennote wat nie aktiewe diens doen nie. Alhoewel dit voorkom of die wetgewer van een uiterste na die ander oorgegaan het, was dit nie heeltemal die geval nie, aangesien die hof die bevoegdheid verleen is om 'n aksie wat in sodanige omstandighede teen 'n vennootskap ingestel is, in gepaste gevalle op te skort.¹⁵¹

Die hof het nie die geleentheid gehad om die konsekwensies van die 1917-wysigings ten aansien van vennootskappe onder die loep te neem nie. Dit sou moes wag vir die Tweede Wêreldoorlog.

3.2.3 Huur

Volgens artikel 5(5)(b)(ii) is die opskorting van siviele regs­middels ook nie van toepassing op 'n aksie vir die betaling van huurgeld van 'n woonhuis, kamer of woning wat verskuldig word deur 'n lid van die verdedigingsmag nadat hy op aktiewe diens gegaan het nie. Dieselfde het gegeld vir 'n aksie vir die ontruiming van sodanige perseel. Prosesstukke vir doeleindes van sodanige aksies kon bestel word op die bewoner van die betrokke perseel. Die hof is die bevoegdheid verleen om 'n aksie wat in sodanige omstandighede teen 'n persoon ingestel is, in gepaste gevalle op te skort onder sodanige voorwaardes as wat hy goedvind.¹⁵²

Hierdie bepaling is klaarblyklik 'n voorloper van die latere artikel 2(2)(b) van die Moratoriumwet 1963.

3.2.4 Lewensbenodigdhede

Kragtens artikel 5(5)(b)(iii) is die moratorium verleen deur artikel 5(5) nie van toepassing op 'n aksie vir die betaling van die prys van werklike lewensbenodigdhede nie, indien dit verskaf is deur persone in die gewone loop van hul besigheid aan of op versoek van 'n lid van die verdedigingsmag nadat hy op aktiewe diens gegaan het. Die hof is ook in dié geval met die bevoegdheid bekleed om 'n aksie wat in sodanige omstandighede teen 'n lid van die verdedigingsmag ingestel is in gepaste gevalle op te skort.¹⁵³

Hierdie bepaling is klaarblyklik 'n voorloper van die latere artikel 2(2)(c) van die Moratoriumwet 1963.

3.2.5 Voedsel en losies

Die opskorting van siviele regs­middels teen 'n lid van die verdedigingsmag is ingevolge artikel 5(5)(b)(iv) nie van toepassing op 'n aksie waarin 'n bedrag geëis word wat verskuldig is vir voedsel en losies verstre­k of verskaf op versoek van so 'n lid nadat hy op aktiewe diens gegaan het nie.

Hierdie bepaling is klaarblyklik 'n voorloper van die latere artikel 2(2)(d) van die Moratoriumwet 1963.

Die hof kon 'n aksie wat in sodanige omstandighede teen 'n lid ingestel is, in gepaste gevalle opskort onder sodanige voorwaardes as wat hy goedvind.¹⁵⁴

3.2.6 Arres en beslaglegging

In die uitsonderingsgevalle rakende vennootskappe, huurgelde, lewensbenodigdhede, voedsel en losies kon aksie ingestel en voortgesit word ni­teenstaande die bepalings van artikel 5(5). 'n Lasbrief vir die eksekusie van 'n vonnis of bevel in so 'n geding verleen, kon normaalweg uitgereik word.¹⁵⁵

In geen geval hoegenaamd het hierdie uitsonderingsgevalle egter tot gevolg gehad dat 'n lasbrief uitgereik kon word vir die gyseling van sodanige lid of vir die aanhouding of arres van sy persoon nie. Dieselfde het gegeld vir die inbeslagneming van 'n salaris of loon wat

aan so 'n lid verskuldig is of van enige "seperatietoelae" of toelae betaal uit 'n openbare fonds aan hom of sy afhanklikes.

Hierdie bepaling is klaarblyklik 'n voorloper van die huidige voorbehoudsbepaling by artikel 2(2)(f) van die Moratoriumwet 1963. Dit het ook 'n wyer moratorium veronderstel as dié deur óf artikel 144 van die Army Act 1881 óf artikel 114 van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet 1912 verleen.

3.2.7 *Bevoegdhede van die hof*

Die betrokke hof kon enige aksie ingestel ingevolge die uitsonderingsgevalle, rakende vennootskappe, huurgelde, lewensbenodigdhede, voedsel en losies, staak op sodanige voorwaardes as wat hy mag goedvind.¹⁵⁶ Daarbenewens kon 'n bevoegde provinsiale of plaaslike afdeling van die hooggeregshof op aansoek verlof verleen vir die instel van aksie teen 'n lid van die verdedigingsmag op aktiewe diens in die Unie. Die hof kon sodanige verlof verleen slegs indien hy oortuig was dat:

- die lid op aktiewe diens gegaan het om die betaling van sy skulde te ontduik; of
- die waarskynlikheid bestaan dat die lid van die moratorium misbruik sou maak om sy handelonderneming of besigheid te bedryf sonder om sy skuldeisers te betaal of om sy bates van die hand te sit tot nadeel van sy skuldeisers; of
- dit om enige ander rede reg en billik sou wees om sodanige regshulp toe te staan.¹⁵⁷

Staan die hof sodanige verlof tot dagvaarding toe, en vonnis word teen 'n lid van die verdedigingsmag verleen, kon dit normaalweg ten uitvoer gelê word. Die betrokke afdeling kon egter te eniger tyd op aansoek sodanige aksie of eksekusie opskort vir so 'n tydperk en onder sodanige voorwaardes as wat hy goedvind, indien dit in die omstandighede reg en billik voorkom om so 'n aansoek toe te staan.¹⁵⁸

Hierdie bepaling is klaarblyklik 'n voorloper van artikel 2(3) van die Moratoriumwet 1963.

3.3 *Openbare Welzijn en Moratorium Wetten Verlenging en Verdere Wijzigingswet 1919*

Hierdie wysigingswet het eerstens daarvoor voorsiening gemaak dat die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914, soos gewysig, van krag bly tot twaalf maande na die datum wat deur die goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel word as die datum van beëindiging van die oorlog.¹⁵⁹

Voorts is artikel 5 van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 gewysig¹⁶⁰ deur die invoeging van 'n verdere subartikel.¹⁶¹ Hierdie bepaling¹⁶² het daarvoor voorsiening gemaak dat indien 'n kragtens wet aangestelde amptenaar of enige ander statutêre outoriteit oortuig is dat iemand verhinder word om iets te doen met betrekking tot die indiening of versending van enige dokument binne die tydperk voorgeskryf deur die betrokke wet of regulasie daarvolgens uitgevaardig, omdat so iemand weg was op aktiewe diens of noodwendig uit die Unie afwesig was of weens enige ander omstandighede deur die oorlog veroorsaak, die

betrokke amptenaar of outoriteit die voorgeskrewe tydperk verder kon verleng soos hy in die omstandighede billik ag, tensy die statutêre regte van iemand anders daardeur benadeel sou word.

Hierdie voorskrif is klaarblyklik 'n voorganger van artikel 5 van die Moratoriumwet 25 van 1963.

Volgens artikel 4 van die 1917-wysigingswet sou die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 tesame met sy wysigingswette voortaan bekend staan as die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919.

3.4 Openbare Welzijn en Moratorium Wetten Verlenging en Verdere Wijzigingswet Verlengingswet 1920

Deur hierdie wet is die werking van sommige bepalings van die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919 verleng tot 1 Julie 1922.¹⁶³ Die hele artikel 5 is egter van hierdie verlenging uitgesluit.¹⁶⁴

4. Tweede Wêreldoorlog

4.1 Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940

4.1.1 Inleiding

Op 1 September 1939 val Duitsland Pole binne, en met die verstryking van die gevolglike Britse en Franse ultimatus op 3 September 1939 is die Tweede Wêreldoorlog 'n voldonge feit. Op 6 September 1939 het die Unie van Suid-Afrika hom met 'n meerderheidstem in die parlement aan die kant van die geallieerdes geskaar en oorlog teen die spilmoondhede verklaar.

Alhoewel die verlening van 'n algemene moratorium ten opsigte van skulde voor die uitbreek van oorlog nie gedurende die Tweede Wêreldoorlog herhaal is nie, het die bepalings van die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919 van toepassing op lede van die verdedigingsmag op aktiewe diens die *caput et fundamentum* van latere wetgewing op hierdie gebied gevorm. So is hierdie bepalings¹⁶⁵ bykans onveranderd opgeneem in die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 29 van 1940¹⁶⁶ om voorsiening te maak vir die beskerming van *vrywillige*¹⁶⁷ lede van die verdedigingsmag op militêre diens tydens die Tweede Wêreldoorlog.¹⁶⁸

Die minister van finansies¹⁶⁹ het die invoering van die moratorium soos volg gemotiveer:

Die soldaat op aktiewe diens het beskerming nodig teen siviele aksies ten aansien van die verhaal van skuld. Dit is altyd as redelik beskou dat sulke bepalings gemaak word, en wanneer daar 'n tyd van oorlog aanbreek, dan is een van die eerste dade nog altyd

gewees om voorsiening van daardie aard te maak. In 1914 was een van die eerste wette wat na die begin van die oorlog aangeneem is, die Wet op Openbare Welzijn en Moratorium. Dit word in hierdie wetsontwerp voorgestel.

Die resulterende artikel 8 van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet het op 15 Mei 1940 in werking getree. Die res van die bepalings is geag reeds op 6 September 1939 in werking te getree het.¹⁷⁰

Die howe word sodoende geleentheid gegun om die uitwerking van die maatreëls ingevoer deur die Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswet 37 van 1917 na waarde te skat.

4.1.2 Vennootskap

4.1.2.1 Verpligte sekwestrasie

In *Partridge v Harrison & Harrison*¹⁷¹ is die uitwerking van artikel 5(5)(b)(i)¹⁷² op die regsposisie van die vennoot op militêre diens oorweeg. Die hof bevind dat die wetgewer die vennoot op militêre diens beskerming wou ontnem slegs ten opsigte van sy belang in die vennootskapsbates, maar dat dit duidelik die bedoeling van die wetgewer was om nog steeds beskerming te verleen aan die afsonderlike boedel van hierdie vennoot. Alhoewel die hof ingevolge artikel 13 van die Insolvensiewet 1936¹⁷³ die boedel van elke lid van die vennootskap moet sekwestreer, is die hof bereid om in die lig van die uitleg van artikel 5(5)(b)(i) die boedels van die vennootskap en die niediensdoende vennoot te sekwestreer, maar nie dié van die vennoot op militêre diens nie. Hierdie beslissing is sonder uitsondering nagevolg deur daaropvolgende uitsprake oor die uitleg van artikel 5(5)(b)(i).¹⁷⁴

Die gevolg is dus dat die afsonderlike boedel van die vennoot op militêre diens geensins deur die voorskrifte van artikel 5(5)(b)(i) geraak word nie. Die opskorting van siviele regsmiddels bly dus steeds daarop van toepassing of al sy vennote diens doen ten tyde van instel van aksie al dan nie.¹⁷⁵

Die interpretasie van artikel 13 van die Insolvensiewet 24 van 1936, naamlik dat dit ruimte laat vir die sekwestrasie van die boedel van die vennootskap sonder dat die afsonderlike boedels van al die gewone vennote gelyktydig daarmee gesekwestreer hoef te word, is as korrek aanvaar in 'n aantal latere uitsprake, soos *Laymore (Pty) Ltd v Five Streams Wattle Estate*,¹⁷⁶ wat oor die uitleg van die Boerebystandswet 48 van 1935 gehandel het.¹⁷⁷

Hoewel hierdie uitleg nie in *P de V Reklame (Edms) Bpk & Gesamentlike Onderneming van SA Numismatiese Buro (Edms) Bpk en Vitaware (Edms) Bpk*¹⁷⁸ aanvaar is nie, is laasgenoemde uitspraak onlangs deur die hoogste hof van appèl omvergewerp en die vorige uitleg van artikel 13 van die Insolvensiewet in ere herstel in *Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd; Commissioner, South African Revenue Service v Hawker Aviation Partnership*.¹⁷⁹

4.1.2.2 Boedeloorgawe

'n Heel ander benadering as dié by verpligte sekwestrasie is egter deur die howe ten opsigte van boedeloorgawe ingeneem.

In *Ex parte Commercial Hotel*¹⁸⁰ word die hof versoek om die oorgawe van die vennootskapsboedel en die boedel van slegs een van die vennote te aanvaar. Die vennote op militêre diens was bereid om toe te stem tot oorgawe van die vennootskapsboedel slegs op voorwaarde dat sy afsonderlike boedel steeds deur die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 beskerm sou word en derhalwe nie tesame met die vennootskapsboedel gesekwestreer sou word nie. Die hof toon aan dat daar 'n duidelike verskil tussen sekwestrasie en boedeloorgawe bestaan: "In the latter case the parties are asking the court a favour. Therefore there could not be a condition attached to the partner's consent to surrender."¹⁸¹

Derhalwe weier die hof om die boedeloorgawe te aanvaar tensy die vennoot op militêre diens sy ongekwalfiseerde toestemming tot oorgawe van sowel die vennootskapsboedel as sy afsonderlike boedel verleen. Die benadering is onderskryf in *Ex parte Bleach*:¹⁸²

An application for surrender of an estate is a favour granted to the debtor by the court in terms of the law and I am not prepared to grant that favour unless there is an unconditional and out and out request from both partners for the surrender of the estate.

In *P de V Reklame (Edms) Bpk & Gesamentlike Onderneming van SA Numismatiese Buro (Edms) Bpk en Vitaware (Edms) Bpk*¹⁸³ is dit deur regter Van den Heever nodig geag om hierdie uitleg van artikel 3(2) van die Insolvensiewet *obiter* te beaam. Die uitspraak is egter in 2006 deur die hoogste hof van appèl omvergewerp in *Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd; Commissioner, South African Revenue Service v Hawker Aviation Partnership*.¹⁸⁴

4.1.2.3 Aksies deur 'n vennootskap

Ook word weer eens bevestig dat die opskorting van siviele regsmiddels en die uitsonderings daarop slegs van toepassing is op aksies teen die vennootskap en nie aksies deur die vennootskap nie.¹⁸⁵

4.1.2.4 Aksies tussen vennote of teen 'n vennoot

Daarbenewens is dit duidelik gestel dat artikel 5(5)(b)(i) betrekking het slegs op aksies of gedinge deur skuldeisers van die vennootskap. Die artikel is nie van toepassing op aksies tussen vennote nie en nog minder op aksies deur die afsonderlike skuldeisers van die vennoot op militêre diens.¹⁸⁶

4.1.2.5 Opheffing

In *Prosser v De Lange*¹⁸⁷ beslis die hof dat artikel 5(5)(f) ook op vennootskappe van toepassing is. Alhoewel alle vennote op militêre diens was, maar misbruik gemaak het van

die beskerming deur die opskorting van siviele regs middels aan hulle verleen deur die bates van die vennootskap tot nadeel van die skuldeisers van die vennootskap te vervreem, het die hof aan die applikant verlof verleen om voort te gaan met sy aansoek om sekwestrasie van die vennootskapsboedel en die boedels van die vennote op militêre diens.

Ook hoef 'n lid van die verdedigingsmag ingevolge *Ex parte A David & Co*¹⁸⁸ nie persoonlik sy besigheid voort te sit alvorens die hof hom ingevolge artikel 5(5)(f) beskerming sal ontnem nie. Waar hy deur middel van 'n verteenwoordiger of bestuurder sy besigheid voortgesit het sonder om sy skuldeisers te betaal, het die hof hom beskerming ontnem. Toegepas op 'n vennootskap is die gevolg dus dat waar alle vennote diens doen en die besigheid van die vennootskap deur middel van 'n bestuurder of verteenwoordiger voortgesit word sonder om die skuldeisers van die vennootskap te betaal, die hof op aansoek waarskynlik verlof sal verleen dat aksie ingestel of aansoek gedoen¹⁸⁹ en voortgesit word teen die vennootskap en derhalwe in effek teen al die vennote op militêre diens.

Alhoewel in geen uitspraak oorweeg is wanneer die hof dit ingevolge artikel 5(5)(f) reg en billik sou ag om 'n applikant toe te laat om aksie in te stel en voort te sit spesifiek teen 'n vennootskap indien al die lede ten tye daarvan militêre diens verrig nie, kan die oorwegings vermeld in paragraaf 4.4.6 *infra* moontlik wel as leidraad geneem word.

4.1.2.6 Vennoot 'n droster

Sodra 'n lid van die verdedigingsmag wegdros, verbeur hy onmiddellik alle beskerming ingevolge die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940.¹⁹⁰ Dit beteken dat in 'n geval waar al twee vennote gelyktydig militêre diens verrig, aksie onmiddellik teen die vennootskap ingestel kan word sodra enigeen van die vennote uit die verdedigingsmag wegdros.¹⁹¹

4.1.3 Huurkoop

Kragtens artikel 9(1) van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 29 van 1940 was die bepalings van artikel 5(5)(a) van die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919 nie van toepassing op 'n regsgeding voortspruitend uit 'n huurkoopkontrak waarin die teruggawe van die huurkoopgoedere geëis word, of die betaling van die koopprys wat ingevolge die kontrak betaalbaar is nie. Die koste van 'n geding aangegaan voor die aanvang van militêre diens het egter buite die trefwydte van die uitsondering geval.

Gedetailleerde voorskrifte is deur artikel 9(3) ingevoer om die regsposisie te reël waar 'n vrywilliger wat op militêre diens is, geld skuld ingevolge 'n huurkoopkontrak. Onder andere kon hy die huurkoopgoedere aan die skuldeiser teruggee, in welke geval hy nie verplig was om enige verdere betalings te doen nie en ook daarop geregtig was om soveel van die reeds betaalde paaiementte terug te vorder as wat 'n assessor vir die doel aangestel, mag vasstel.¹⁹²

Hierdie spesifieke reëlings ten aansien van huurkoopkontrakte is nie nagevolg in artikel 2(2)(e) van die Moratoriumwet 1963 nie.

4.1.4 Siviele regsmiddels

4.1.4.1 Uitleg

Die begrip *siviele regsmiddels* het ook nie die aandag van die hof ontglip nie. Hoewel 'n aansoek om die sekwestrasie van 'n persoon se boedel regtens nie as 'n siviele aksie beskou kan word nie, is 'n sekwestrasiebevel wel 'n siviele regsmiddel.¹⁹³ Ook 'n voorlopige sekwestrasiebevel, en selfs net 'n bevel vir die uitstel van 'n geding, is as 'n siviele regsmiddel te beskou.¹⁹⁴ Sowel 'n interdik as 'n mandement van spolie is vanselfsprekend ook binne die begrip *siviele regsmiddel* tuis te bring.¹⁹⁵ Hoewel *siviele regsmiddel* wel 'n siviele aksie of geding insluit, is dit nie daartoe beperk nie. Daarom is ook die taksering van 'n kosterekening en die uitreiking van 'n lasbrief vir eksekusie as die uitoefening van siviele regsmiddels te beoordeel.¹⁹⁶

4.1.4.2 Ontoepaslikheid van "doctrine of prevention"

Die spesifieke aard van die moratorium wat alle siviele regsmiddels hoegenaamd teen lede van die verdedigingsmag effektief lamlê, laat geen ruimte vir die toepassing van die sogenaamde "doctrine of prevention" nie.¹⁹⁷ Regter Van den Heever stel die aangeleentheid gepas soos volg in *Gibson v Holtzhausen*:¹⁹⁸

[T]he question whether the *doctrine of prevention* applied to a member on whom process had been served prior to his qualifying for the benefits of the Act ... was left open. If the legislature had effected a *moratorium* by means of restricting the jurisdiction of the Courts or expressly conferring a benefit on soldiers, there may have been some doubt as to its intentions in this regard. It effected its purpose, however, by paralysing all civil legal remedies against soldiers at their source. The suspension therefore includes any remedy which, otherwise, might conceivably have been crystallised by prevention, and no legal remedy can be put into effect against the defendants.

4.1.4.3 Afstand

In 'n hele reeks uitsprake word die beginsel herbevestig dat afstand gedoen kan word van die beskerming deur die opskorting van siviele regsmiddels verleen.¹⁹⁹ Blykbaar sal die afstanddoening as geldig en voldoende aanvaar word alleen indien die hof oortuig is dat die verweerder ten volle ingelig is oor die beskerming wat deur die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 aan hom verleen word, dit verstaan en desnieteenstaande daarvan afstand gedoen het.²⁰⁰

4.1.5 Wegdros

Soos reeds vermeld, verbeur 'n lid van die verdedigingsmag wat wegdros, onmiddellik alle beskerming waarop hy andersins ingevolge die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 geregtig sou wees.²⁰¹

4.1.6 Misbruik en bevoegdheid van hof

Ook artikel 5(5)(f)²⁰² het nie die aandag van die howe ontglip nie. 'n Lid van die verdedigingsmag hoef volgens *Ex parte A David & Co*²⁰³ nie persoonlik sy besigheid voort te sit alvorens die hof hom ingevolge artikel 5(5)(f) beskerming sal ontnem nie. Waar so 'n lid deur middel van 'n verteenwoordiger of bestuurder sy besigheid voortgesit het sonder om sy skuldeisers te betaal, het die hof hom sonder huiwering die moratorium ontnem.

Om vas te stel wanneer die hof dit ingevolge artikel 5(5)(f) reg en billik sal ag om 'n applikant toe te laat om aksie in te stel en voort te sit teen 'n lid van die verdedigingsmag, kan die volgende oorwegings aan die hand van die interpretasie van die artikel as leidraad geneem word. Die hof sal dit as reg en billik beskou om sodanige verlot te verleen indien die weiering van sodanige verlot ernstige ontbering vir die applikant tot gevolg sal hê en op 'n growwe miskenning van die regte van die applikant sal neerkom,²⁰⁴ of indien die applikant onherroeplik daardeur benadeel sal word.²⁰⁵ Die hof sal sodanige verlot geredelik verleen indien die voorgestelde aksie noodwendig volg op 'n aksie deur die lid ingestel;²⁰⁶ of waar dit duidelik is dat die respondent as gevolg van inkomste uit ander bronne wel finansiëel in staat is om sy skulde te betaal en geen rede hoegenaamd bestaan waarom hy dit nie kan doen nie;²⁰⁷ of waar dit duidelik is dat die respondent van die beskerming misbruik maak om die applikant 'n wettige remedie te ontsê en voorheen alles in sy vermoë gedoen het om die instelling van die aksie te vertraag.²⁰⁸

Die bewyslas rus op die applikant om aan te toon dat 'n *prima facie*-skuldoorsaak bestaan en dat misbruik van die beskerming plaasgevind het, of dat dit reg en billik sou wees om hom verlot te verleen om sy aksie voort te sit.²⁰⁹ Die hof behoort egter steeds die redes vir die verlening van die moratorium deur die wetgewer in gedagte te hou en die aangevraagde verlot dus nie ligtelik te verleen nie.²¹⁰

4.1.7 Prokureursklerke en leerkontrakte

Volgens artikel 10 van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 moet militêre diens gedurende die oorlog as 'n genoegsame grond vir doeleindes van artikel 19 van die Wet op Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers 23 van 1934 beskou word. Die hof is gemagtig om 'n klerk onder leerkontrak wat gedurende die oorlog weens militêre diens afwesig was van die kantoor van sy prinsipaal, vry te stel van die verpligting om enige addisionele tydperk onder leerkontrak te dien.

4.1.8 Wysigingswette

4.1.8.1 Algemeen

Vervolgens word die aandag kortliks gevestig op die wysigings van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 29 van 1940 wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog ingevoer is. Aangesien hierdie wysigings merendeels geen weerklank in latere wetgewing gevind het nie, word slegs kursories op die hoofmomente gewys bloot vir die behoud van korrekte perspektief op die historiese gang van sake.

4.1.8.2 Oorlogspensioenwet 1941

Artikels 22 en 23 van die Oorlogspensioenwet 45 van 1941 het respektiewelik artikels 8(2) en 9(1) van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet gewysig om dit duidelik te stel dat die uitsondering op artikel 5(5)(a) rakende die huurgelde van 'n woonhuis, kamer of woning nie van toepassing is op die huurkoopkontrakte van onroerende eiendom nie, asook dat die uitsondering rakende huurkoopkontrakte aanwending vind slegs waar roerende goedere die onderwerp van die kontrak vorm.

4.1.8.3 Wet op Huurkoop 1942

Artikel 24 van die Wet op Huurkoop 36 van 1942 het artikel 9 van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 29 van 1940 gewysig om so die uitsondering op artikel 5(5)(a) rakende huurkoopkontrakte van toepassing te maak slegs op huurkoopkontrakte soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Huurkoop 1942.

4.1.8.4 Oorlogspensioenwet 1942

Artikel 64 van die Oorlogspensioenwet 44 van 1942 het die hele Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 29 van 1940 herroep, behalwe artikels 1 en 8 tot 13. Die moratoriumbepalings ten aansien van lede van die verdedigingsmag is derhalwe nie deur hierdie herroeping geaffekteer nie.

4.1.8.5 Wet op Toelating van Prokureurs (Militêre Diens) 1944

Artikel 10 van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 is in 'n reeks hofbeslissings²¹¹ gekritiseer, aangesien dit nie duidelik was of 'n aansoek om die kondonasië van die afwesigheid van 'n leerklere op militêre diens wel nodig was nie.

Artikel 10 van die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 is in die geheel vervang deur die Wet op Toelating van Prokureurs (Militêre Diens) 31 van 1944 in 'n poging om gebreke te ondervang en 'n duidelike en gedetailleerde reëling rakende die tydperke van die leerkontrakte van klerke afwesig met militêre diens te verskaf. Blykbaar het dit wel die gewenste uitwerking gehad.²¹²

4.1.9 Verwarring en herroeping

Die bedoeling met die tersaaklike bepalings van die Openbare Welzijn Wetten 1914-1919, die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 en die Moratoriumwet 1960 was om gedurende onderskeidelik die Eerste en Tweede Wêreldoorlog sivielregtelike beskerming aan lede van die verdedigingsmag te verleen. Daarom het elke wet telkens voorsiening gemaak vir die verval van die betrokke bepalings 'n sekere periode na die beëindiging van die oorlog of noodtoestand.

Desnieteenstaande het verskeie handboekskrywers volhard om na daardie uitgediende bepalings te verwys as geldende gesag en om die regsposisie van militêre dienspligtiges en

weermagdele op aktiewe diens ingevolge die Verdedigingswet van 1957²¹³ aan die hand daarvan te omskryf. Die wetgewer is uiteindelik genoop om deur middel van die Wet op die Herroeping van Wette 94 van 1981 in te gryp en alle oorblyfsels en spore van die verouderde bepalings van die wetboek te verwyder. So is onder meer die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914, die Openbare Welzijn en Moratorium Wet Wijzigingswet 1917, die Openbare Welzijn en Moratorium Wetten Verlenging en Verdere Wijzigingswet 1919, die Openbare Welzijn en Moratorium Wetten Verdere Verlengings Wet 1920 en die Verdedigings Spesiale Pensioen en Moratoriumwet 1940 uitdruklik finaal herroep.²¹⁴

5. Ten slotte

Veral die respyt vir krygslui ingevoer deur artikel 5(5) van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet 1914 en die meer gedetailleerde reëling daargestel deur die 1917- en 1919-wysigingswette sou die *caput et fundamentum* vorm van alle moratorium-wetgewing gedurende die onderhawige tydperk ingevoer ten behoeve van lede van die verdedigings- of weermag en sekere ander persone op militêre en aktiewe diens. Een belangrike verskil is egter dat die bepalings rakende 'n algemene moratorium ten opsigte van vooroorlogse skulde, wat ook op soldate van toepassing was, nie in latere wetgewing herhaal is nie. Veral in hierdie opsig het die Openbare Welzijn en Moratoriumwetten 1914–1919 dus uniek gebly.

Artikel 5(5) in die besonder stem in 'n beduidende mate ooreen met artikel 10 van die Wet voor de Krijgdiens der ZA Republiek 2 van 1883.²¹⁵ Net soos artikel 10 van die Krijgswet het artikel 5(5) van die 1914-Moratoriumwet 'n omvattende onderstand ingevoer deur 'n allesomvattende opskorting van siviele regs middels ten opsigte van persone op aktiewe diens in oorlogstyd. In beide gevalle was die moratorium absoluut en het daar, ten minste aanvanklik, geen uitsonderings daarop bestaan nie. In beide gevalle het die onderstand ook 'n materieelregtelike uitwerking gehad in die sin dat die opeisbaarheid van skulde effektief op die lange baan geskuif is. In beide gevalle het die respyt langer geduur as die tydperk op aktiewe diens of op kommando om die krygsman in staat te stel om na sy terugkeer sy sake in orde te kry voordat die moratorium verstryk.

Die bepaling herinner in 'n gewisse mate ook aan die voorskrifte van die Edik van Karel V van 20 Oktober 1547, die plakkaat van die Prins van Oranje van 7 Mei 1630, die plakkaat van die State-Generaal van 8 Desember 1665, en soortgelyke maatreëls wat gedurende die Amerikaanse burgeroorlog ingevoer is.²¹⁶

Dit is opmerklik dat die Suid-Afrikaanse wetgewer nie in dié verband ook weer die voorbeeld wat deur die Britse wetgewer gestel is, slaafs nagevolg het nie. Trouens, dit wil voorkom of die Britse moratorium-wetgewing uiters geringe invloed, indien enige, hier te lande op die besondere reëling van 'n statutêre respyt vir krygslui uitgeoefen het. Ook die werkswyse van die houe staaf dié afleiding. In geen uitspraak oor die statutêre moratorium vir krygslui is na óf tydgenootlike Britse regspraak óf tydgenootlike Britse wetgewing oor dié aspek verwys nie. Intendeel, in 'n hele aantal uitsprake is moeite gedoen om gemeenregtelike

aanknopingspunte bloot te lê en ook nie gehuiwer om regsbeginsels rakende gemeenregtelike moratoria toe te pas op die statutêre respyt en aan te wend by die uitleg van die Openbare Welzijn en Moratorium Wet nie. Treffende voorbeelde is die standpuntinname oor die regsposisie van 'n borg en die haalbaarheid van afstanddoening. In die proses is egter ongelukkig moontlik ook te veel klem gelê op gemeenregtelike aanknopingspunte en is die korrekte Romeins-Hollandse regsfigure ook nie altyd as analoog geïdentifiseer nie. Die noue verwantskap nagespeur tussen die statutêre moratorium vir soldate op aktiewe diens en die gemeenregtelike *beneficia* vir skuldenare, in plaas van die Romeins-Hollandse moratoriummaatreëls vir krygsvolk, kan as illustrasie hiervan dien.

Ten spyte van die ontwikkeling van moderne, omvattende en gedetailleerde moratorium-wetgewing ten aansien van militêre diens- en krygsplygtiges, veral in die Amerikaanse reg,²¹⁷ het die Suid-Afrikaanse wetgewer hom telkens gewend tot die aanwending van die beproefde bepalings van die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919.²¹⁸ Dit het die geleentheid vir die howe geskep om gedurende die Tweede Wêreldoorlog voort te bou op die basis wat reeds gedurende die Eerste Wêreldoorlog gelê is. In sommige gevalle het die wisselwerking tussen wetgewing en regspraak aanleiding gegee tot die relatief vinnige ontwikkeling van 'n besondere regsreëling. Hier tree veral die regsposisie van die vennoot op militêre of aktiewe diens, en dié van sy vennote, sterk na vore.

Aangesien hierdie wetgewende tradisie ook by konsolidasie voortgesit is, het die bekende bepalings van die Openbare Welzijn Wetten 1914–1919 nie saam met die Unie van Suid-Afrika van die toneel verdwyn nie. Sommige het in latere moratorium-wetgewing bly voortleef.

Bibliografie

- Anoniem. 1915. The Ontario Moratorium Bill. *Canadian Law Times*, 35(3):193–9.
- Anoniem. 1940. The federal moratorium. *Australian Law Journal*, 517.
- Anoniem. 1953. Moratorium debris. *Australian Law Journal*, 321.
- Asser, W.D.H. 1983. *In solidum of pro parte?* Leiden: Brill.
- Balog, E. 1916. *Randbemerkingen zur Rechtsschaffung im Kriege*. Hannover: Helwing.
- Barels, J.M. 1781. *Advysen over den koophandel en zeevaart*. Amsterdam: Gartman.
- Barrault, H.A. 1916. L'application en droit international de la legislation de la guerre. *Revue de droit international privé*, 572.
- Beinart, B. 1961. Capital in partnership. *Acta Juridica*, 118–55.

- Bell, W.H.S. 1901. Immunity of arrest of persons on military service. *South African Law Journal*, 18(4):450–1.
- . 1885. Digest of cases. Supreme Court, Transvaal. *Cape Law Journal* 2(5):272.
- Bendetson, K.R. 1940. A discussion of the Soldiers' and Sailors' Civil Relief Act of 1940. *Washington and Lee Law Review*, 2(1):1–43.
- Brunnenman, J. 1679. *Commentarius in duodecim libros codicis Justiniani*. Lipsiae: Tarnovius.
- Cohen, M.J. 1987. Representing the military spouse. *Florida Bar Journal*, 117.
- Conrad, H. 1906. *Die Pfändungsbeschränkungen zum Schutze des schwachen Schuldners. Eine juristische und sozialpolitische Studie*. Jena: Fischer.
- De Haas, G. 1741. *Nieuwe Hollandsche consultatien, advertissementen van regten, memorien en andere schrifturen van voornome regtsgeleerden*. 's-Gravenhage: Mattheus Gaillard.
- De Wet, J.C. en A.H. van Wyk. 1978. *De Wet en Yeats. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg*. 4de uitgawe. Durban: Butterworths.
- De Wet, J.C. en J.P. Yeats. 1964. *Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg*. 3de uitgawe. Butterworths: Durban.
- Deumer, R. 1940. *Der private Kriegskredit und seine Organisation*. 2de uitgawe. Berlyn: Duncker & Humblot.
- De Tollenaere, F. en A.J. Persijn. 1985. *Nieuw handwoordenboek der Nederlandse taal*. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- De Villiers, M. e.a. 1968. *Kernwoordeboek van Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Evans, P.M. 2006. Protecting those that protect us. A judicial primer on the Servicemembers Civil Relief Act. *Judges' Journal*, 45(3):25-31.
- Faber, A. 1649. *Codex Fabrianus definitiorum forensium et rerum in Sabaudiae senatu tractatarum, ex ordine titolorum codicis Justiniani, quantum fieri potuit, accommodate ad usum forensem, in novem libros ditributus*. Geneva.
- Feller, A.H. 1933. Moratory legislation: A comparative study. *Harvard Law Review*, 46(7):1061–85.
- Ferry, M. e.a. 1918. The Soldiers and Sailors Civil Rights Bill. *Illinois Law Review*, 12(7):449–81.
- Fouche, W.J. 1973. The Moratorium Act. *Paratus*, 40.

- Freese, D.W. 1987. Defending against debt collection. *Washington State Bar News*, 23.
- Glare, P.G.W. (red.). 1976. *Oxford Latin Dictionary*. Oxford, Londen: Clarendon Press.
- Grisel, A. 1962. La semaine de cinq jours et délais, actes et termes poursuites. *Blätter für Schuldbetreibung und Konkurs*, 161.
- Hailsham (red.). 1938. *Halsbury's laws of England XXXIII*. 2de uitgawe. Londen: Butterworths.
- Halsbury. 1913. *The laws of England being a complete statement of the whole of the law of England XXV*. Londen: Butterworths.
- Hanna, H. 1914. *The war and suspension of legal remedies*. Dublin: E. Ponsonby.
- Henning, J.J. 1978. Vennootskap en moratorium. Die regsposisie van die vennoot op militêre diens en sy vennote. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 41(1):1–29.
- . 1991. 'n Oorsig van die aard en invloed van algemene respytmaatreëls in die tweede helfte van die negentiende eeu. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 16(2):72–98.
- . 1992. Rescripta inductionis, rescripta moratoria en surete du corps: Drie Romeins-Hollandse *beneficia* in respytregtelike verband. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 55(1):1–19.
- . 1993. Aspekte van die privilegia militum in die Romeinse reg. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 56(1):38–50.
- . 2001. Moratoria vir krygers in die Anglo-Boereoorlog: 'n regshistoriese perspektief. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 25(2):212–35.
- . 2007. *Moratoria en privilegia militum veral in tempore belli*. 41 Mededelings van die Sentrum vir Ondernemingsreg. Bloemfontein: Sun Media.
